

Die Beproeving van die Lewe.

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B165 Eng/Afr.

Skriflesing uit 2 Tim.4:1-22

Kernvers : 7 – ‘Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.’

Ons as gelowiges moedig mekaar aan in moeilike omstandighede, om positief te bly, gelowig te wees en op die Here te bly vertrou. Nogtans moet ons erken dat die lewe vol van beproewing is.

Wat egter so wonderlik van God se Woord is, is dat dit jaar na jaar vertaal word in nog tale tenspyte van die vyand se teenstand. Die Bybel is die enigste boek wat die universele taal van die mensdom praat. Alleen die Bybel dek al die behoeftes van die mens se lewe. Prys die Here daarvoor!

Hier skryf Paulus ‘n baie aandoenlike brief vanuit die tronk aan Timótheüs, wie hy ook sy kind noem – sy kind wat hy verwek het in die geloof en wat hy alles aan hom voorgehou het. Hy het aan die einde van sy lewe gekom, hy was alreeds ‘n ou man. Paulus het geweet dat hy ‘n marteldood sou sterf vir die Here Jesus. Hy kon maklik gedink het: ‘Is dit wat ek kry na ‘n leeftyd van opoffering en beproewings?’ Sekerlik het die duiwel vir hom gesê: is dit die soort God wat jy dien?

Hy het in ‘n harde koue tronk gesit toe hy hierdie brief geskryf het – hy het koud gekry, hy het swaargekry en nie geweet op watter wyse Nero hom van kant sou maak nie: dalk vir die leeu gooi, sy kop afkap?

En dit was in hierdie omstandighede waarin hy vir Timótheüs bemoedig in vers 5 en vir hom sê: kom nou my seun, wees sterk, wees nugter; ly verdrukking; doen die werk van ‘n evangelis; vervul jou bediening, want daar wag ‘n groot oorwinning vir jou aan die anderkant, die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter in dié dag vir jou sal gee...